## OORDENKING : FEESKOS *deur Stephan Joubert (E-Kerk)*

**Somerkersfeestyd is inkopietyd. Dis omtrent net geskenke, kos en lekkernye wat aangekoop word.** Maar dan onderbreek iemand wat op die randkant van die lewe leef skielik jou beplanning met 'n versoek: ***"Meneer, net 'n stukkie brood, asseblief!"***

*"Die mense jaag my weg as ek brood vra,"* gaan hy voort. *"Hulle sê ek moet die regering loop vra. Of ek moet ophou lui wees en begin werk soos hulle." "Wat antwoord jy hulle dan?"* vra ek onverwags. *"Vroeër het ek nog vertel dat ek 'n werk gehad het, met 'n vrou en 'n kind. Toe word ek afgedank. En toe los my vrou my vir 'n ander man. Ek het alles verloor. Maar deesdae sê ek niks as mense my wegjaag nie. Niemand glo my nie. Ek is regtig honger. Kan ek nie meneer se kar was vir R5 nie?"*

**Toe begryp ek dat hierdie persoon my pad gekruis het om my eie gemaklike lewensritme te versteur. Want die lewe is nie net blink pakkies en feesklappers nie. Dis ook bedelaars, hongeriges en eensames.**

Daarom dat ek opnuut skaam kry oor my eie ongeduld met diegene wat lankal die handdoek ingegooi het. Elke mens is uniek, ook hierdie man wat vir 'n wyle voor my gestaan het en wat sy selfrespek lankal verloor het. **Die beste Kersfeesnuus is dat Christus ook vir mense gekom het wat aan die donkerkant van die lewe tent opgeslaan het. En dat sy hart week word as hulle nie in hierdie tyd 'n stukkie lekker kos op hulle tafel het nie.** Om nie eens van gewone brood te praat nie.

**Daarom dat die Here vra dat jy en ek uit ons pad sal gaan om ruim porsies feeskos weg te gee aan hulle wat nie hierdie luukse ken nie. Let wel, dit gaan oor uit die pad gaan!**

Ek bid:
Heer Jesus, terwyl my spense vol is, is daar ander wat nie so gelukkig is nie.
Vandag is daar mense wat honger en alleen is.
My hart gaan voor U uit na mense wat hulle trots en selfrespek lankal reeds verloor het.
Maak my oë oop vir mense vir wie ek 'n naaste moet wees. Leer my om uit die pad te gaan vir hulle. Leer my om af te draai van die lewe se hoofpaaie af as dit moet. Laat U vrygewigheid deur my lewe spoel.
*Amen*





# Die Rietfluit

Ek het U hart-lik lief o Heer

NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID — SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

*Kersgroete* — *Desember 2009*

## 2009 is die jaar van herlewing

## Kersfees: God se soen op ons voorkop

*"Vir die mense in wie God 'n welbehae het"* (Luk 2:14)



'n Man in die dodesel staar betekenisloos net voor hom uit. 'n Christenwerker in wie se hart God dit gegee het om liefdevol 'n pad te loop met persone in die dodesel, het na Rusty uitgereik.

Die christenwerker het baie tyd spandeer om aan Rusty te vertel van die liefde van die Here en van Christus wat vir hom gekom en sterf het. Rusty het oor tyd tot geloof gekom en Jesus aanvaar as sy Verlosser. Die tyd het aangebreek vir Rusty se teregstelling.

Hy was bang en gespanne. Die christenwerker wat vir Rusty soos 'n pa geword het, die pa wat hy nooit gehad nie, het vir hom gekalmeer, gelees uit die Bybel en vir hom gebid. Toe die uur aanbreek van teregstelling het die christenwerker vir Rusty 'n soen op die voorkop gegee en die sel verlaat. Die vrou wat finale voorbereidings vir Rusty se teregstelling getref het vertel hoe hy met trane gesê het: *"Dit is darem so jammer dat dit eers met die uur van my teregstelling is wat ek die eerste soen van deernis ooit op my voorkop ontvang het...watter verskil kon dit nie in my lewe gemaak het nie!"*

Wie jy ook al is en wat jou omstandighede ook mag wees, met Jesus in die krip en aan die kruis, gee God jou die soen van lewe op jou voorkop! Van Sy liefde mag jy verseker wees. Vir jou beteken Sy soen: Hy het jou lief! Jy is vir Hom kosbaar! Jy is die Here se beminde! In jou het Hy 'n welbehae. Daarom kan jy met blydskap en geloof hierdie kersfees vier. Aanbid en volg Hom as Here van jou lewe!

*Ds Leon van Heerden*

*Mag jy hierdie kersfees bewus word van die hoogte, diepte en breedte van die Here se liefde vir jou! Mag jy Sy soen van genade, deur Jesus in die krip en aan die kruis, koester as die kosbaarste skat van jou lewe.*

*Mag jy in 2010 die Here eerste plek in jou lewe gee, en so lewe in oorvloed en volkome blydskap ervaar.*

*Dankie vir julle liefde en omgee die afgelope jaar!*

*Die pastoriegesinne, leierspan en kerkraad*